# BOIKANYO SOLAR

## KWARTAAL 3 2021 NEWSLETTER






## NAAMSVERANDERINGS**VELDTOG**

Die sonkragaanleg, wat voorheen 'Greefspan II' geheet het, staan nou as 'Boikanyo' bekend. Die naam is uit 173 aansoeke wat as deel van ons naamsveranderingskompetisie ingedien is gekies. Lede van die konstruksiespan het almal insette gelewer oor wat hulle dink die nuwe naam moet wees.

'Boikanyo' beteken 'betroubaar' in Setswana. Die wennaam is deur mnr. Christopher Zakhele, 'n inwoner van Douglas ingedien. Hy en die naaswenner van die kompetisie het tydens 'n seremonie by die sonkragaanleg pryse ontvang vir hul idees.

**Tshepo Kgoloane, bestuurder vir gemeenskapsprojekte by Boikanyo Solar sê:** "Ons is ingenome dat die sonkragaanleg 'n naam sal dra wat deur 'n werker en inwoner van die gemeenskap gekies is. Ons is dankbaar aan die honderde werkers wat entoesiasties aan die veldtog deelgeneem het. Boikanyo Solar word 100% deur Suid-Afrikaanse beleggers besit. 'n Setswana naam wat deur die mense van die Noord-Kaap gekies is, is die mees gepaste naam."







## BEMAGTIGINGSPROGRAM VIR **ENTREPRENEURS**

Boikanyo Solar se ondernemingsontwikkelingsprojek is in Julie 2021 van stapel gestuur met 50 eienaars van plaaslike kleinsakeondernemings wat vir die inkubasieprogram ingeskryf het.

As deel van die program ontvang entrepreneurs mentorskap, afrigting en ondersteuning om hulle te help om volhoubare besighede op die been te bring. Hulle ontvang ook vaardigheidsopleiding wat onderwerpe soos administrasie, kommunikasie, etiket en nakoming van vereistes insluit. Die kursus is op die bemagtiging van entrepreneurs gemik en voorsien hulle met die nodige vaardighede om volhoubare sakeondernemings op die been te bring en te bestuur sodat hulle die gemeenskap kan bevoordeel in terme van werkskepping en die verskaffing van dienste wat deur die gemeenskap benodig word.

**15 van die 50 entrepreneurs is gekies om verdere ondersteuning in die vorm van befondsing vir tegniese opleiding te ontvang.** Twee kleinsakeondernemings wat deur vroue besit word ontvang tans opleiding in pluimveeproduksie. Vyf kleinsakeondernemings ontvang opleiding in water en watersuiwering. 13 Kleinsakeondernemings ontvang opleiding in siviele konstruksie en tenderverkryging.

## ONTWIKKELING VAN **LEWENSVAARDIGHEDE**

Altesaam 20 jongmense neem deel aan 'n geakkrediteerde informasie en kommunikasietegnologie (IKT) opleidingskursus in tegniese ondersteuning. Die vier maand lange kursus vorm deel van Boikanyo Solar se vlagskip lewensvaardigheidsontwikkelingsprojek.

Die werklose jongmense word deur die projek ondersteun en elkeen sal 'n vlak 4-opleidingssertifikaat ontvang sodra hulle die kursus voltooi het.

Buiten die teoretiese gedeelte van die opleiding bied die kursus ook praktiese blootstelling sodat deelnemers werksondervinding kan opdoen. Dit help ook om hulle vir die nasionale assesserings voor te berei. Sodra deelnemers die opleiding voltooi het sal hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik om algemene probleme op te los, hardeware probleme op te los, sagteware op te dateer en installasies te doen.

Die doel van Boikanyo Solar se lewensvaardigheidsprojek is om werklose jongmense met vaardighede te bemagtig wat in die plaaslike gemeenskap in aanvraag is.

**Jerome Pienaar, 'n student wat die kursus bywoon, sê:** "Dit is 'n uitstekend geleentheid om opgelei te word. Ek leer baie oor rekenaars en vind die kursus baie interessant. Ek mag dalk net eendag my eie onderneming op die been bring."





## LOOPBAAN**VOORLIGTING**


Graad 12-leerlinge van Weslaan Hoërskool en Bongani Hoërskool het die geleentheid gehad om aan 'n loopbaanvoorligtingsprogram deel te neem. Die doel van die program is om leerlinge te help om ingeligte besluite oor hul toekoms te neem en hul loopbane te beplan.

Die program het een dag geduur en onderwerpe soos opvoedkundige en loopbaankeuses, selfkennis, loopbaanbeplanning getakel.

Leerlinge het ook 'n geskenkpakkie met skryfbehoeftes vir die eindeksamen ontvang.

## GEBRUIK DIÉ SES STAPPE **OM JOU HANDE TE WAS**

*Die Departement van Gesondheid beveel aan dat hande vir 20 sekondes gewas word om sodoende die verspreiding van die koronavirus te vertraag.*





1. Gebruik seep
2. Vryf jou handpalms teen mekaar met vingers
3. Vryf die punte van die vingers
4. Vryf die gewrigte
5. Spoel jou hande onder die kraan af
6. Droog jou hande deeglik af

**BLY VEILIG**
#CoronaVirus
www.nicd.ac.za
www.health.gov.za

**Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:**
www.sacoronavirus.co.za

## KWARTAALLIKSE UITEENSETTING **(3RDE KWARTAAL)**

- Ondernemingsontwikkeling
- Welsyn
- Vaardigheidsontwikkeling
- *Hearts & Mind*




## KONTAK **ONS**

**Fisiese Adres**
Boikanyo Solar Site

**Kantoorure**
Maandae tot Vrydae: 08:30 – 17:00

**Gemeenskap Skakelbeampte**
Pamela Matyeka
078 603 2958 or 063 033 4800